

Les 17

Teks: Johannes 7: 25 - 39

1. Inleiding

In vandag se gedeelte wat ons bestudeer, onderrig Christus die mense verder. Maar die fokus skuif nou van die sabbatdag na die feit dat Hy die Verlosser is. Hieroor ontstaan daar verwarring en onenigheid onder die mense. Maar Christus getrou aan Sy natuur verkondig die waarheid oor hierdie sake aan hulle.

2. Waar kom Christus dan werklik vandaan.

Die aanvaarding of verwerping van Jesus as die Verlosser, in vers 25 tot 31, word gebaseer op Sy herkoms. Die mense van Jerusalem het 'n oortuiging dat die Messias uit vlees en bloed gebore sou wees maar geheel en al onbekend sou wees totdat hy Israel se verlossing bewerkstellig het. Maar nou weet hulle presies waar Christus vandaan kom.

Tog is daar ironie betrokke by hierdie kennis van Christus se herkoms in vers 27. Want in die eerste plek was hierdie mense oortuig dat Hy uit Nasaret gekom het, waar Jesus inderdaad groot geword het. Van Sy eintlik geboorteplek, Bethlehem is hulle in elk geval waarskynlik onbewus.

Maar eintlik lê Jesus se herkoms by Sy vader in die Hemel in vers 28 & 29. Maar omdat hierdie mense Hom nie werklik ken nie, herken hulle nie vir Christus nie.

3. Die Tempelwag

Alhoewel die 1933 vertaling in vers 32 "dienaars" en die 1983 vertaling "wagte" vertaal lê die beter vertaling eintlik in die 2014 proef vertaling naamlik "tempelwagte".

Die tempelwagte was 'n soort tempelpolisiemag, afkomstig van die Leviete, met die belangrikste verantwoordelikheid om orde in die tempelkompleks te handhaaf. Maar aangesien die Sanhedrin die binnelandse aangeleenthede van die land regeer het in alle sake wat vir die Romeinse prefek van min belang was, kon die tempelwag tot genot van die hof gebruik word in sake wat selfs ver verwyderd was van die heilige gebied.

As Jesus nog êrens in die tempelarea geleer het, sou hulle egter nie ver hoef te gaan nie. Hierdie wagte was onder 'n bevelvoerder, 'die kaptein van die tempel', wat ook uit een van die priesterlike gesinne afkomstig is en wie se gesag in 'n wye reeks praktiese aangeleenthede net net minder was as die van die hoëpriester.

4. Die laaste dag van die huttefees

Op die sewende dag van die fees is daar 'n goue vaas gevul met water uit die Siloambad. Dit is dan deur 'n prosesie wat gelei is deur die hoëpriester terug gedra na die tempel. Wanneer die prosesie die watertoevoer aan die suide kant van die binnehof bereik het is daar drie keer op 'n Shofar geblaas. Terwyl die pelgrims toegekyk het, het die priesterlike prosesie rondom die altaar in die tempel gaan staan. Die tempel koor het die hallel (Psalm 113 - 118) gesing, wanneer psalm 118 bereik is het elke manlike pelgrim 'n palm takkie in sy regter hand gewaai, en in sy linkerhand 'n sitrus vrug omhoog gelig en uitgeroep "bewys dankbaarheid aan God". Dit het drie keer gebeur.

Die water is saam met die oggend offer aan die Here geoffer, wat ook saam met die daaglikse drankoffer van die wyn geoffer is. Die water en die wyn is in silwer bakke gegooi en voor die here uitgegiet. Hierdie seremonies by die tabernakelfees is verbind aan die Joodse gedagte van die water wat God in die woestyn voorsien het en die uitstorting van die Gees in laaste dag. Hierdie uitgooi rituel by die fees het simbolies verwys na die Messiaanse era wanneer 'n stroom van die Heilige rots oor die hele aarde sal vloei.

1. Skrifverwysings

1. Daniël 7:13
2. Miga 5:2
3. Jesaja 55:1
4. Mattues 11:27
5. Matteus 24: 26 - 27
6. Openbaring 22: 1 - 2

2. Vrae

1. In Christus se bedieningtyd blyk dit dat openbare opinie 'n groot invloed op mense gehad het. Watter invloed het mode vandag op kerkmense en kerkwees?
2. Vandag is ampdraers nie meer afstammeling van 'n spesifieke familie nie, watter invloed het jou herkoms op jou geloof en roeping?
3. Tot watter mate moet orde in die samelewing en die kerk beheer word?
4. Ons lees van 'n baie spesifieke ritueel by die huttefees, as Nuwe Testamentiese gelowige, watter invloed het Rituele op ons.
5. Hoe verstaan ons die uitstorting van die Heilige Gees vandag

3. Bronne

Carson, D. A. (1991). The Gospel according to John. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.